

WAT VAN 'N STUKKIE VETKOEK?

BITTERKOMIX EN VETKOEK AS SATIRE

ADRE RHEEDER



REEDS SEDERT DIE SESTIGERJARE BELEEF DIE VSA DIE 'COMIX'-FENOMEEN WAT DIE ONDERMYNING VAN DIE KONvensionELE STROKIESVERHAAL BEWERKSTELLIG HET. DIÉ NUWE GRAFIESE NOVELLES IS SUBVERSIEF, SKEP ANDER ROLMODELLE EN SKOK LESERS DEUR MIDDEL VAN HUMOR, SEKS EN GEWELD. HIERDIE EG-POSTMODERNE KUNSVORM WORD IN SA DEUR DIE KONTORVERSIELE **BITTERKOMIX** VERTEENWOORDIG.




By die loodsing van *Bitterkomix 4* op 10 November 1994 lewer bekende illustreerder Paddy Bouma repliek op die negatiewe kommentaar wat die strip *Gif* ontlok het. Die besoekersboek van die Dorpsstraat Kunstgalerie in Stellenbosch was vol neerhalende opmerkings soos 'Pornografie', 'Gemors' en 'Dit hoort nie in ons taal nie'. Selfs die kunstenaars het onder persoonlike kritiek deurge-loop en is as 'siek' beskryf. Bouma (1994) antwoord soos volg:

Here the shock was so great that it apparently relieved people of their ability to read, and so to discern the underlying message of the piece.

'n Bepaalde sektor van die publiek bestempel Kannemeyer en Botes se werk as pornografie en keur dit af. Op haar beurt wys Bouma op die belangrike boodskap in die teks. Die leser verkeer in 'n dilemma: hoe kan pornografie as opvoedkundige, of ten minste intelligente leeswerk, benader word?

Hierdie vraag kan alleenlik beantwoord word as daar gekyk word na wat presies pornografie behels. Volgens Herholdt (1994:18) is dit pornografie 'wanneer liggaamlikheid op 'n negatiewe, neerdrukkende en aftakelende manier weergegee word'. Hy wys daarop dat in pornografie 'nooit menswaardigheid, emosies en gevoelens' uitgebeeld word nie. Hy wys verder ook op die dierlike en sinlose verband waarin die menslike seksualiteit voorgestel word.

Alhoewel die eksplisiete seksuele uitbeeldings in *Gif* kan lei tot 'n hedonistiese interpretasie, beklemtoon Bouma in haar toespraak die onderliggende boodskap in die teks. Die teks is van meer waarde as die blote uitbuiting van die menslike seksualiteit. Die vraag behoort dus te wees: hoe is 'pornografie' in *Gif* ingespan om 'n bepaalde boodskap oor te dra?



WAAR ONGEMERK 'N DUISTERNIS VAN MENSE WEMEL

Soortgelyke vrae kan ook oor die 'menslike-aksie-drama' getiteld Vetkoek gevra word. Hierdie vervolghverhaal verskyn in die eerste Afrikaanse 'prikkeltydskrif', Loslyf.

GIF EN VETKOEK: 'N VERGELYKING

Die ooreenkomste tussen Gif en Vetkoek is duidelik: eksplisiete seksuele uitbeeldings; kru taalgebruik; alledaagse en informele Afrikaans. Met spesiale verwysing na die verhale *Liefde en missie* deur Joe Dog, en *Bomfok, liefde vir die vyand* deur Conrad Botes, blyk Vetkoek met die eerste oogopslag 'n vervatting van Gif te wees. Die gevaar bestaan dus dat Vetkoek sonder meer bestempel sal word as pornografie, en nie as teks gelees sal word nie. Emosiebelaaide lesers mag hulself weer eens blind staar teen die grafiese medium, en in die proses hul vermoë om te lees ignoreer.

Daar is egter basiese verskille tussen Gif en Vetkoek. Waar Gif in swart-en-wit gedruk is as 'n boekie, word Vetkoek ingesluit in 'n volkleur-sekstydskrif. Gif is dus gesien as losstaande fenomeen. Met die eerste publikasie van Loslyf was die tydskrif die middelpunt van vele moraliteitsgesprekke. Die woord 'pornografie' is en word

geredelik ingespan om die tydskrif te diskrediteer. Daar is hernieuwe vrae oor die stand van die sensuurraad in Suid-Afrika. Gesien teen die agtergrond van die huidige stand van sake in Suid-Afrika is dit nie vreemd dat 'n strip soos Bitterkomix en meer bepaald Gif, nie die erkenning kry wat dit verdien as kulturele, spesifiek literêre fenomeen nie. Bitterkomix is satire, en kan as sodanig ondersoek word.

Vetkoek gebruik die bekende en kontroversiële genre van pornografie/erotika en manipuleer dit om te funksioneer as 'n knap satire van en in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die tydskrif waarin dit verskyn dra by tot die geslaagdheid daarvan: Kannemeyer en Botes gebruik die steeds groeiende bedryf van die seksliteratuur om 'n mark te bereik wat direk aangespreek kan word in hulle strips.

VETKOEK: DIE KARAKTERS EN SITUASIE

Die karakters in Vetkoek is tipies van enige omgewing: Tommy die mechanic; Mr Clifton en sy werknemer genaamd 'die deskcherry'; en Ronnie die smeerlap. Die outeurs maak hierdie algemeen herkenbare karakters spesifiek van toepassing



op die Suid-Afrikaanse milieu deur die tipiese informele Afrikaans wat deur die karakters gebruik word. Volgens Feinberg (1967:90) is distorsie 'n tegniek van die satirikus, naamlik om van herkenbare situasies en karakters gebruik te maak en dan deur 'n doelbewuste proses van vervreemding die gemeenplagheid daarvan te manipuleer. Die tipiese word deur die tegniek van distorsie op so 'n wyse aan die leser voorgehou dat die materiaal nuut word.

Kannemeyer en Botes maak gebruik van eksplisiete sekstonele (wat masturbasie en groepseks insluit) met gepaardgaande byskrifte en 'byklanke' in Afrikaans om nuutskrywing te bewerkstellig. Deur benutting van tradisionele taboewaardes

5





7

vervreem die outeurs die leser van die geoutomatiseerde werksituasie en karakters. Op hierdie wyse kom daar 'n kritiese afstand tussen die teks en die leser. Sosiale kritiek is uiteraard gebaseer op hierdie afstand.

Feinberg (1967:85) omskryf een van die belangrikste uitdagings van die satirikus soos volg:

The first problem of the satirist is to hold the reader's interest, while doing something other than what he is pretending to do.

Satire gaan gepaard met die doelbewuste misleiding van die leser. Deur die bekende genre van die erotika/pornografie te gebruik, skep die outeurs 'n verwagting van seksuele prikkeling. Hierdie verwagting word versterk deur die raamteks *Loslyf*. Die teks van *Vetkoek* voldoen egter nie ten volle aan die verwagtingshorisonne nie. Daar word in die loop van die teks 'n ander aspek aangeraak wat die leser aanspreek as die oppervlakkige seksuele prikkeling. Dit gaan hier oor die feit dat die situasie geskik is om te parodieer. Daar is inherente tekortkominge aanwesig in die situasies wat voorgestel word. Deur middel van satire word daar hierop kommentaar gelewer om eventuele veranderinge te bewerkstellig.

Die outeurs se bedoeling word op 'n subtiële wyse in *Vetkoek* oorgedra. Die aard van die uitbeeldings kan prikkelend wees vir sommige, net soos ander dit weer kan beskou as pornografie. Hierdie twee uiteenlopende standpunte steun op dieselfde tekortkoming: albei groepe lees nie die teks nie. Die dialoog en die byskrifte/klanke ondermyn die moontlike prikkelende aard van die uitbeeldings.

CASE NO. 308 EN VETKOEK

Vetkoek sluit ten nouste aan by *Bitterkomix 1* se Case no. 308. Die leser maak kennis met Tommy in die Ou Suid-Afrika waar diensplig nog geld, en die grensoorlog nog 'n realiteit is. Case no. 308 is hoogs polities gelaai, en spreek aspekte soos diensplig, rassisme, sinlose geweld en indoktrinering van die jeug aan. Hiervan is daar niks te bespeur in *Vetkoek* nie. Daar is geen 'helde', veiligheidspolisie en politiek nie. Tog leen *Vetkoek* homself as gevolg van intertekstuele verwysings tot 'n direkte vergelyking met die Tommy-saga in *Bitterkomix 1*. Daar is 'n bepaalde ekwivalensie tussen die tekste - vergelyk byvoorbeeld die verwysing na die drilserasent; die gebruik van die karakters, Nurse S Clay Wilson en Tommy; die direkte verwysing na 308 in *Vetkoek 2*; en die ooreenkomstige dialoog.

Die ooreenkomstige dialoog sluit aan by die titel van dié artikel: Wat van 'n stukkie *Vetkoek*? Waar Tommy in *Bitterkomix 1* vir sy makkers in die barakke koek aanbied, is dit die koek wat sy eertydse vriende Lorcan White en Nurse Wilson met 'various drugs'



8




9

THINK IN THE MORNING. ACT IN THE NOON. EAT IN THE EVENING. SLEEP IN THE NIGHT.




HE WHO DESIRES BUT ACTS NOT, BREEDS PESTILENCE.



IF OTHERS HAD NOT BEEN FOOLISH, WE SHOULD BE SO.



EXPECT POISON FROM THE STANDING WATER.



PRISONS ARE BUILT WITH STONES OF LAW, BROTHELS WITH BRICKS OF RELIGION.



gelaai het om die breinspoeling deur Dr Krolspel teë te werk. Dit plaas die leser in die Ou Suid-Afrika, soos hierby aangedui. Die koek simboliseer bevryding van die verdrukkende strukture.

In *Vetkoek* is die ooreenkomstige 'Hoe lyk dit met 'n stukkie koek' 'n seksuele voorstel deur Tommy aan die 'deskcherry'. Tommy en die 'deskcherry' se etensuur saam is heeltemal verwyderd van die Tommy in *Case no. 308*. Die leser kan sigself terreg afvra of die twee tekste wel verbind moet word.

Die waarde van hierdie vergelyking is te vinde in die direkte invloed wat die Suid-Afrikaanse samelewing op die outeurs se werk het. Toe die Tommy-saga begin is in 1989, het Suid-Afrika heeltemal verskil van die 1995-samelewing. Die karakterontwikkeling wat by Tommy plaasvind kan teruggevoer word na die post-apartheid Suid-Afrika. Op dieselfde wyse kan die ooreenkomste tussen die *Bitterkomix*-tekste en die verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing ondersoek word.

SOSIALE KOMMENTAAR EN SATIRE

Daar is reeds verwys na die subtile aard van die satire oor die algemeen. Die sosiale kommentaar in *Vetkoek* vind op 'n soortgelyke bedekte wyse plaas.

In die eerste plek kan verwys word na die Afrikaans wat gebruik word. Daar moet in gedagte gehou word dat *Loslyf* 'n Afrikaanse tydskrif is, en dat *Vetkoek* in hierdie opsig direk daarby aansluit. Die eg Suid-Afrikaanse dialoog wat gebruik word, beeld die taalgebruik van Jan Alleman uit. Dit sluit aan by Antjie Krog se opmerking oor die demokratisering van Afrikaans in *Bitterkomix* 2.

Volgens Krog (1993:28) gebruik Lampman se volgende 'swart' Afrikaans, en die spreker in die verhaal *Suidoos*, Kaapse Afrikaans. In *Vetkoek* kom die Afrikaans van die laer blanke klasse aan die beurt. *Bitterkomix* gebruik die verskillende variante van Afrikaans om die satire te laat slaag. By die outeurs is daar nie 'n verskil tussen die gebruikers van die variante van Afrikaans nie: almal leen hulself tot materiaal vir satiriese kommentaar.

In die tweede plek maak Kannemeyer en Botes gebruik van die pornografiese medium wat deesdae so veel aftrek kry in Suid-Afrika. Die outeurs benut die mediasensasie, asook die sekshonger van die nasie om op satiriese wyse die gemiddelde Suid-Afrikaner aan homself voor te stel. Terselfdertyd bring die outeurs die leser se morele waardes onder die soeklig deur die eksplisiete aard van hulle werk.

'n Woordeboek verklaring van satire beskryf dit soos volg:

'n Letterkundige geskrif waarin die menslike of individuele swakhede, dwaashede, ondeugde, wantoestande of tekortkominge bespottelik voorgestel word, soms met die bedoeling om tot verbetering aan te spoor (Schoonees, Swanepoel, Du Toit, et al 1965:732).

As die menslike 'swakhede' en 'ondeugde' seksuele losbandighede omvat, skep dit geleentheid vir satire (vergelyk Tommy en die 'deskcherry' se etensuur-avontuur). As seksuele teistering in die werksituasie 'n 'wantoestand' is, vergelyk Mr Clifton se 'kny' van die ontvangsdame se boud. Tel die prente van kaal meisies teen die mure van Mr Clifton se kantoor nie onder 'ondeugde' nie? Soos dit duidelik hieruit blyk, leen die tipiese werksituasie homself tot satire. Al hierdie aspek-

NO.3


BITTERKOMIX

PULP VIR PAPKOPPIES

R10



HOWLIN'
ZOMBIES
STRIP



60
BLADSYE!

te is herkenbaar in die daaglikse samelewing, en Kannemeyer en Botes gebruik dit as materiaal vir hul strip.

Tegniese is deur die outeurs aangepas om al hierdie aspekte op 'n bespotlike wyse na vore te bring. Die leser kan na die (onsuksesvolle) seksuele omgang tussen Tommy en Nurse Wilson kyk (Vetkoek), asook die 'stoeityd' oftewel die groepseks tussen hierdie twee en die privaatspeurder Freek Bester (Vetkoek 2). Die erotiese (of selfs die pornografiese) aard van die seksuele omgang word ondermyn deur die gepaardgaande en afstootlike 'byklanke' by *coitus interruptus* in die eerste verhaal, asook beskrywings soos 'Aaargh! Raaah!' en 'Hey! Moenie byt nie' in Vetkoek 2. In hierdie geval is die beskrywings potsierlik, en het dit 'n humoristiese uitwerking by die leser. In plaas van die verwagte seksuele prikkeling by die leser, is die lagwekkendheid van die teks dominerend.

Deur die leser se lagspiere te prikkel, slaag die satirikus in sy primêre doel: om die leser vir homself te laat lag. Sodra die leser agterkom dat hy met die karakters in die uitbeelding op die een of ander wyse kan identifiseer, vind daar selfonderzoek plaas.

POSTMODERNISME

Daar is sterk ooreenkomste met die Postmodernisme in *Bitterkomix 3* (vergelyk die gebruik van die collage-motief, parodie, direkte aanspreking van die leser, die verwarring van die ontologiese grense, ensovoorts). Postmodernistiese kenmerke kan in die Vetkoek-verhale ook geïdentifiseer word.

In die Postmodernistiese literatuur word die verskynsel van metafiksie genoem as dié onder-

skeidende kenmerk. Metafiksie is die doelbewuste en deurlopende kommentaar deur die teks op sy status as teks. Volgens Waugh (1984:2)



Metafiction is a term given to fictional writing which selfconsciously and systematically draws attention to its status as an artefact in order to pose questions about the relationship between fiction and reality.

Daar is drie ooglopende metafiksiële strategieë aanwesig in die Vetkoek-verhale, naamlik parodie, *mise en abyme* en die rol van die leser.

Parodie is reeds genoem in die bespreking van satire, en funksioneer inderdaad as 'n onderafdeling daarvan. Volgens Hutcheon is parodie een van die algemeenste metafiksiële strategieë. Sy omskryf dit soos volg: '[Parody is] repetition with critical distance, which marks difference rather than similarity' (Hutcheon 1985:6).

Dit gee erkenning aan 'n bepaalde en herkenbare stroming deur dit na te boots, en dit dan terselfdertyd te ontluister. Die teks moet gelees word teen die agtergrond van die model wat dit bewustelik besig is om te verdring. Die model van erotika/pornografie word sterk gesuggereer deur die 'raamteks' waarin Vetkoek vervat is, naamlik Loslyf.

Die tweede metafiksiële strategie is *mise en abyme*. Beide plakkate teen Mr Clifton se kantoor-muur is Loslyf foto's. Die leser word op ironiese wyse bewus gemaak van die 'Chinese Box'-struktuur, soos McHale dit noem (1989:112-130). Die ware *mise en abyme*-teks kan slegs funksioneer indien die ingebede teks die raamteks op so 'n wyse naboots dat die indruk van reproduksie geskep word. Dit laat die vermoede van 'n eindelose reproduksie ontstaan. Die grense



12

tussen feit en fiksie word sodoende vertroebel: die fiksionele Vetkoek-verhaal, maak melding van Loslyf, die glanstydskrif, wat op sy beurt weer die Vetkoek-verhaal bevat.

In Vetkoek 2 neem 'n derde karakter, genaamd Freek Bester, deel aan die groepseks. Indien daar in ag geneem word dat Bester in *Bitterkomix 3* gesterf het, problematiseer dit sy toetrede tot die Vetkoek-verhaal. Dit ondermyn die geloofwaardigheid van die teks. Sodoende word die leser bewus gemaak van die teks se status as teks. Die outoriteit en die betroubaarheid van die teks kom in die gedrang. Op hierdie wyse word die ontologiese vlakke vermeng. Die leser moet self besluit wat om van Bester se afsterwe te maak, net soos die leser self 'n mening moet vorm oor die Loslyf-foto's teen Mr Clifton se muur. Die betrekking van die leser op hierdie wyse is die derde metafiksionele strategie.

Wat die funksionaliteit van die Postmodernistiese tendense in Vetkoek betref, moet die leser bewus wees daarvan dat Kannemeyer en Botes hulleself primêr besig hou met satire. Die Modernisme as lewenswyse word geparodieer in *Bitterkomix 1* (vergelyk die uitbeelding van die 'Moddernis' p 53).

Op dieselfde wyse kan die Postmodernistiese tendense in Vetkoek in 'n ironiese lig beskou word. Daar is selfrefleksie in die *Bitterkomix*, en dit grens soms aan selfparodiëring of ironiese selfondermyning. Die leser moet weer eens self besluit in welke mate die literêre stroming van die Postmodernisme in *Bitterkomix* geïroniseer word.

SLOT

Dit is duidelik dat die teks op 'n verskeidenheid wyses benader kan word. Hierdie artikel poog nie om 'n volledige bespreking te gee van al die literêre kwessies en tendense wat in *Bitterkomix* te vinde is nie. Daar is wel beklemtoon dat *Bitterkomix* nie 'n oppervlakkige soeke is na die 'roem' van kontroversie nie. Die erotiese/pornografiese medium word gebruik om 'n spesifieke mark te bereik. Deur hulle mark direk in die teks aan te spreek, slaag die outeurs op 'n besondere wyse om sosiale kommentaar te lewer.

Satire het 'n bepaalde waarde: waar 'n samelewing gesatiriseer en geïroniseer kan word, kan daar aan en in 'opknappingswerk' gedoen word. 'Surely the measure of an humane society is the degree to which it is prepared to question itself', meen Bouma (1994). Waar *Bitterkomix* dien as middel waarmee die Suid-Afrikaanse samelewing in die breë ondersoek kan word, fokus die vervolghverhaal Vetkoek spesifiek op die (hoofsaaklik manlike) Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner.

BIBLIOGRAFIE

Bouma, P. 1994. Ongepubliseerde toespraak by die loodsing van *Bitterkomix 4*. Stellenbosch.

Feinberg, L. 1967. *Introduction to Satire*. Ames: Iowa.

Herholdt, F. 1994. Dan word erotika pornografie. *Insig*. Julie.

Hutcheon, L. 1985. *A Theory of Parody*. London: Methuen.

Kannemeyer, A. & Botes, C.B. 1992. *Bitterkomix 1*. Stellenbosch.

Kannemeyer, A. & Botes, C.B. 1993. *Bitterkomix 3*. Stellenbosch.

Kannemeyer, A. & Botes, C.B. 1994. *Bitterkomix 4*. Stellenbosch.

Kannemeyer, A. & Botes, C.B. 1994. *Gif*. Groenkloof: Hond.

Kannemeyer, A. & Botes, C.B. 1995. Vetkoek. *Loslyf*. 1(1 en 2).

Krog, A. 1993. Watter soort mens is jy: 'n kuifie of 'n asterix? *Vrye Weekblad*. Julie.

McHale, B. 1989. *Postmodernist Fiction*. London, New York: Routledge.

Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. et al. 1965. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

ILLUSTRASIES

1. UIT *BITTERKOMIX 1* © 1992.

2. UIT *BITTERKOMIX 4* © 1994.

3. UIT *BITTERKOMIX 4* © 1994.

4. OMSLAG: *GIF* © APRIL 1994.

5. UIT *BITTERKOMIX 1* © 1992.

6. UIT *BITTERKOMIX 4* © 1994.

7. UIT *BITTERKOMIX 1* © 1992.

8. UIT *LOSLYF* (1): *VETKOEK* EPISODE 1 © 1995.

9. UIT *BITTERKOMIX 1* © 1992.

10. UIT *BITTERKOMIX 4* © 1994.

11. OMSLAG *BITTERKOMIX 3* © NOVEMBER 1993.

12. UIT *LOSLYF* (1): *VETKOEK* EPISODE 1 © 1995.

